

HULLE het nog in Vereeniging gewoon toe Anette in 2003 in die Kaap kom korfbal speel. Sy het ná 'n wedstryd onder die stort gestaan toe sy die knop onder haar regterarm ontdek.

Sy het dadelik haar huisdokter gebel en hy het voorgestel dat sy 'n mammogram en biopsie laat doen.

By die huis het Anette die bevestiging gekry: Daar is kanker in haar regterbors en dit het 7 cm ver en na sewe kliere versprei. Dit moes so gou moontlik uitgesny word.

“Toe ek ná die operasie sien een bors is heeltemal verwyder, het ek met die Here baklei: Hoekom ek? Ek is dan so getrou aan U. Sy antwoord was: ‘Hoekom nie jy nie?’ Ek was so besig om af te kyk dat ek vergeet het om op te kyk.”

Ben het bly trots sy is vir hom nog net so mooi van binne en buite, maar Anette het “van balans af” bly voel.

“Ek wou nie meer voor hom uittrek of stort nie; ek het dit vir hom erger gemaak. My skouer het skeef gehang. Ek moes hierdie plastiektietie dra en dit het bly uitval. My klere het heeltyd slordig gesit.”

Ben is in dié tyd Saldanha toe verplaas en Anette moes in Vereeniging agterbly om hul huis te verkoop. “Die afstand tussen ons was vir my baie swaar,” vertel hy. “Ek het in daardie tyd baie lief geword vir die see. Ek het met my Bybel op die rotse gaan stap en berusting gevind.”

Daar het hy gebid dat sy vrou weer gesond en heel moet word.

Sy het 23 dae ná die mastektomie chemoterapie begin ondergaan. Alleen by hul huis in Vereeniging en siek as gevolg van die behandeling, moes sy stoof toe kruip om vir haar kos te maak, maar sy kon niks binne hou nie. Haar vier kinders het haar na Ben toe laat vlieg. Toe sy daar aankom, het sy net 46 kg geweeg.

Hy was geskok: “Hoekom eet jy nie!” Hy het vir haar klere in 'n winkel se kinderafdeling gaan koop en deur die dag kort-kort huis toe gekom om vir haar jellie of jogurt te voer.

Toe hul mediese fonds uitgeput is, is sy na die onkologie-eenheid by die Tygerberg-hospitaal verwys. Hulle het vasgestel die chemo wat sy in die noorde ontvang het, was te sterk vir haar liggaam.


Sy moes van voor af 18 sessies chemoterapie en daarna 35 sessies bestraling kry om die kanker uit haar lyf te weer.

Met die steun van haar man, kinders en twee kleinkinders het sy sterker geword. Sy het selfs op 50 meesterskleure in aksie-korfbal verwerf.

In 2005 is 'n spier uit haar rug gesny en

PROSEDURES UITGEVOER

Vet is uit ander dele van Anette se lyf gevat en saam met stamselle in haar bors gespuut om dit voller te maak. Vet is ook aan die bokant daarvan verwyder om die proporsie reg te kry.



VOOR

FOTO VERSKAF

NÁ




FOTO VERSKAF

REGS: Prof. Frank Graewe van die Universiteit Stellenbosch se fakulteit geneeskunde en gesondheidswetenskappe het die prosedure gedoen.



daarmee is 'n kleinerige borsie vir haar opgebou, maar dit was baie uit proporsie.

In Augustus is opvolgtoetse by Tygerberg-hospitaal gedoen en eindelijk is bevestig haar kanker is in remissie.

Dis toe dat sy van die navorsing hoor wat daar gedoen word oor die gebruik van vet en stamselle ná bestraling op probleemareas. Bestraling kan weefsel laat verdik en verhard en dit kan selfs misvorm wees. Dis wat met Anette gebeur het.

Weefsel op hierdie plekke verloor die normale funksies en word hard en fibroties, verduidelik prof. Frank Graewe, die hoof van plastiese en rekonstruktiewe snykunde by die fakulteit geneeskunde en gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch, wat hieroor navorsing doen.

“Sy was 'n goeie kandidaat omdat sy sportief is,” voeg hy by.

Nadat van Anette se vet uit ander liggaamsdele gesuig is, is 'n deel daarvan teen 'n supersoniese spoed in die rondte gedraai. Dit het in drie lae verdeel: vet, bloed en stamselle. Die stamselle is skoongemaak en die swakkes verwyder. Die goeies is toe met 'n ander deel van die vet gemeng en met dun naalde by albei borste ingespuut.

“Gewone” vet bevat baie stamselle, maar die prosedure wat hy gebruik, gaan 'n stapjie verder, verduidelik Frank. Meer vet oorleef en die stamselle stimuleer ander bestaande selle, soos bloedvate en senuwees, om te vernuwe en beter te funksioneer.


Met die hulp van die Cytori Celution-masjien, wat hulle vir Anette se operasie uit Amerika moes leen, kan 1 L vet tussen 5 ml en 10 ml gekonsentreerde stamselle oplewer. Die prosedure kos tussen R25 000 en R30 000.

Dis omstrede by vroue met aktiewe borskanker, gee Frank toe. Stamselle stel stowwe vry wat die ontwikkeling van nuwe bloedvate aanmoedig; daarom word dit gevrees dat kanker weer kan posvat.

“Daarom spuit ons dit nie in as iemand aktiewe, aggressiewe kanker het nie. Ons wag tot dit in remissie is. Dan is dit veilig,” sê hy. Minstens nog 10 jaar se navorsing is nodig om die nuwe-effekte vas te stel.

In die toekoms sal hierdie stamselbehandeling gebruik kan word vir verskeie toestande, byvoorbeeld neurologiese siektes of knieprobleme. Stamselle kan senuwee- of kraakbeenweefsel word en defekte moontlik verbeter.

Intussen is hierdie prosedure vir vroue soos Anette 'n bestiering van Bo. “Ek lewe omdat ek nog 'n doel op aarde het,” sê sy. “Ek wil nou my verhaal van hoop met ander deel.” ■



GEbruik TAG READER EN LUISTER HOE ANETTE EN BEN ANDER MENSE IN DIE SITUASIE BEMOEDIG.

AANWYSINGS BY HUISGENOOT.COM

Anette en haar man, Ben, voel geseënd met die sukses van die operasie.

